

## **Kort biografie prof. L.T. du Plessis, Departement Linguistiek en Taalpraktyk en Eenheid vir Taalfasilitering en -bemagtiging, UV**

Prof. Du Plessis is Hoogleraar in Taalbestuur aan die Departement Linguistiek en Taalpraktyk en Direkteur van die Eenheid vir Taalfasilitering en –bemagtiging aan die Universiteit van die Vrystaat. Hy is hoofredakteur van die Van Schaik Uitgewers reeks, *Studies in Language Policy in South Africa*, waarvan agt volumes reeds sedert 2000 gepubliseer is en is mederedakteur van twee verdere boeke oor taalpolitiek, *Afrikaans en taalpolitiek* (1987 – met Hans du Plessis), *Taal en stryd: Gedenkbundel 1989—1999* (1999 – met Alwyn van Gensen), en hoofredakteur van die SUN Press reeks, *South African Language Rights Monitor/Suid-Afrikaanse Taalregtemonitor*, waarvan die agste nommer pas verskyn het. Ook is hy mederedakteur van die vaktydskrif *Language Matters. Studies in the Languages of Africa* (UNISA/Routledge) en lid van die redaksie van die prestige vaktydskrif *Language Policy* (Springer) en *Language, Culture and Curriculum* (Routledge). Hy bied verskeie modules aan in die rigting taalbeleid en taalbeplanning. Prof. Du Plessis is lid van die International Academy of Linguistic Law en van drie Suid-Afrikaanse linguistiese vakverenigings.

